

**Woensdag 1 Februarie**

**Skrifgedeelte: Eksodus 19:16-19; Handeling 2:1-4**

**Fokusgedeelte: Eksodus 19:18, 19; Handeling 2:2, 3 (1983-vertaling)**

### **Pinkster en die wetgewing op Sinai**

Met die wetgewing op Sinai was daar 'n geluid van die ramshoring, en die Here het in vuur afgekom. Met die uitstorting van die Heilige Gees was daar die geluid van 'n geweldige stormwind en tonge van vuur. Albei gebeure is geweldige momente in die geskiedenis wat met geweldige tekens gepaard-gaan. Albei gebeure het ook met die Here se verbond te make. By Sinai het die Here 'n verbond met sy volk gesluit. Hulle moet Hom volgens sy wette dien, en Hy sal vir hulle 'n God wees. So wil God sy koninkryk op aarde vestig.

Pinkster, toe die Heilige Gees uitgestort is, vind sy wortels in die Ou Testament. *Pinkster in die Ou Testament* was 'n oesfees wat 50 dae ná die Paasfees gevier is. *Pinkster in die Nuwe Testament* vind ook plaas 50 dae ná die groot Paasfees – toe Christus as Offerlam geslag is.

Tydens die Ou-Testamentiese Pinksterfees is die wetgewing op Sinai ook feestelik herdenk. Daarin sien ons die versterkte verband tussen die Wetgewing en Pinkster.

Die gedagte van volheid of oorvloed – volheid van die oes – is tydens die Ou-Testamentiese Pinkster gevier. Dit geld natuurlik ook van die Nuwe-Testamentiese Pinkster: 50 dae nadat die ware Paaslam, Christus, geslag is, word sy werk vol met die uitstorting van die Gees. Ons beleef 'n geestelike oorvloed en blydschap. Die Jode het iets hiervan ook in die wet raakgesien. God se verbond met die wetgewing was bedoel om hulle lewens vol troos en vreugde te maak.

Christus kom maak die ou verbond (wat die Israëliete telkens verbreek het) nou vol. Hy is oorvloedig in 'n ewige verbond van vrede met ons verbind.

Die Heilige Gees is op jou uitgestort – dit maak jou lewe vol, en niks anders nie.

*Sing: Skrifberyming 8-3:1*

*Ds. HJ (Hennie) Briel (Petrusburg/Boshof)*